

## 26 Maart - ELIA

**Skrifgedeelte: 1 Konings 18:7-21**

**Fokusgedeelte: Lukas 1:17a**

**D**ie Here het baie buitengewone dinge in Elia se lewe laat gebeur. Soos die kraaie wat vir hom brood en vleis gebring het (1 Kon 17:6); die weduwee wie se meel en olie nie opgeraak het nie (1 Kon 17:14); die engel wat hom gevoed het (1 Kon 19:5-7); die wa en perde van vuur wat Elia na die hemel opgeneem het (1 Kon 2:11). Daarby het die Here ook wonders deur Elia laat geskied. Die opwekking van die weduwee se seun (1 Kon 17:22); die vuur wat hy afgebid het; die waters wat hy met sy mantel oopgekloof het (2 Kon 2:8).

Tog sou Elia nie vir hierdie wonders onthou word nie, maar vir iets anders. Honderde jare later sou die optredes van Johannes en Jesus mense laat glo dat Elia weer op aarde is. (Lees hieroor Luk 1:17; Joh 1:21; Matt 16:14.) Uit hierdie Skrifgegewens is dit duidelik dat Elia die verpersoonliking was van iemand wat in “gees en krag” – dit is vurig, geesdriftig en onverskrokke – optree.

Voorbeelde hiervan uit sy lewe is:

- Die waagmoed om die koning te beveel om die volk op die berg Karmel byeen te roep, daar met die koningin se priesters te spot en dan die Here se altaar nat te gooi voordat hy vuur uit die hemel afbid. En om na dit alles – voor die koning se oë – die priesters tereg te stel (1 Kon 18).
- Die onverskrokkenheid waarmee hy koning Ahasia teengaan, omdat die koning Baäl raadpleeg (2 Kon 1). Eers vlug Elia, maar dan keer hy vreesloos na die paleis terug (met die 50 man wat hom moes gaan haal) om die koning se straf aan hom bekend te maak.

Elia was egter nie ’n supermens of –gelowige nie. Die Bybel verheerlik hom nie. Die teendeel: sy swakheid word onversag geopenbaar. Die geloofsreus wat by Karmel kragtig opgetree het, word ’n geloofsbaba wat begeer om te sterf (1 Kon 19:4).

Daarmee kry ons perspektief, naamlik: ons is net sterk as die Here ons sterk maak. Die oomblik wat ons op eie voete moet staan, verkrummel ons voor die nietigste aanslag. Insig in ons swakhede dryf ons alleen na Hom wat ons kan sterk maak.

*Sing: Skrifberyming 10-1:1, 4*

*Ds AS Heystek (Emeritus)*